

**Sing vooraf:** Psalm 103:9 (p. 506)

- 9 Maar Gods genade en goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;  
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,  
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Lofpsalm 18:1 (p. 71)

- 1 Ek het U hart'lik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.  
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,  
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrags van my heil,  
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Geloofsbelydenis: Nicea

*Na die wet bely ons dat die Here ons bewaar met Psalm 138:4 (p. 671):*

Wet

Psalm 138:4 (p. 671)

- 4 As in my angs en teëspoed / die krag en moed my wil begewe,  
as vyande van veglus brand, / dan keer u hand en red my lewe.  
Die HEER is goed en wondersterk: / Hy sal sy werk deur niks laat keer nie.  
Laat my, o HEER wat my bewaar, / tog nou nie vaar, en nimmermeer nie.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

Skrifberyming 14-3:1 (nuut)

- 1 Versterk jul in die Heer se krag, / die krag wat nooit, ja nooit, sal taan.  
Kom trek, gesterk deur God se mag, / sy volle wapenrusting aan.  
Jul sal so staande bly, / ná elke veldslag vry.  
Jul sal teen Satan stry, / sy sluwe lis bestry, / in God se krag hom trou weerstaan.

Skriflesing: Josua 1

Teks: Josua 1:5-8

**Niemand sal voor jou standhou al die dae van jou lewe nie; soos Ek met Moses gewees het, sal Ek met jou wees; Ek sal jou nie begewe en jou nie verlaat nie. 6 Wees sterk en vol moed; want jy sal hierdie volk die land laat erwe wat Ek hulle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee. 7 Wees net baie sterk en vol**

**moed, om nougeset te handel volgens die hele wet wat Moses, my kneg, jou beveel het; wyk daarvan nie regs of links af nie, sodat jy met goeie gevolg kan handel, oral waar jy mag gaan. 8 Hierdie wetboek mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel. (Josua 1:5-8 AFR1953)**

Daar is baie meer geloofsmoed en geloofsoortuiging nodig om die Here se gebooe getrou na te kom in jou lewe as om in die oorlog dapper te veg.

Hierdie volk is deur die Here gevorm oor 'n tydperk van ongeveer 400 jaar wat hulle in Egipteland as slawe gebly het. Daarna het hulle 40 jaar lank getrek voordat hulle in die beloofde land kon ingaan. Hoe lank en onder watter omstandighede laat die Here sy kerk (= kerkvolk) bly voortbestaan?

*Natuurlik raak hierdie dinge ons kerkverband wat dié maand (11 Februarie om presies te wees) ons 150-jarige bestaan vier!*

In hierdie kort gedeelte openbaar die Here verskillende dinge wat ons raak.

- Die Here openbaar dat Hy 'n mens (volk/kerk) uitverkies vir 'n bepaalde roeping of taak.
- Verder openbaar die Here dat Hy dit dikwels vooruit aan mense duidelik maak watter roeping Hy op hulle lê.
- Daarby kom hierdie uiters belangrike saak dat die Here sy genade oor en oor aan mense bevestig – veral dié wat baie moeilike opdragte kry om uit te voer.

Dit was alreeds vantevore vir Josua gesê dat hy die volk in Kanaän sal moet inlei.

- Heel eerste het die Here vir Moses gesê dat Hy Josua geroep het. Hy het toe aan Moses opdrag gegee om Josua op te lei (Deuteronomium 3:28).
  - Dit was nadat die Here vir Moses kwaad geword het en vir hom gesê het dat hy nie in die beloofde land sal ingaan nie. Ons lees daarvan in Deuteronomium 1:38:

**Josua, die seun van Nun, wat voor jou staan—hy sal daar inkom; versterk hom, want hy sal Israel dit laat beërwe. (Deut 1:38 AFR1953)**

**Gee dan bevel aan Josua, en versterk hom en bemoedig hom, want hy sal voor hierdie volk uit deurtrek, en hy sal hulle die land wat jy sal sien, laat erwe. (Deuteronomium 3:28 AFR1953)**

Die Here het Josua uitverkies om al die volke wat in Kanaän woon te verslaan, en om dan die land onder die stamme te verdeel. Die Here het hom dus laat lewe om volke te vernietig en om die kerkvolk op hulle plek te vestig.

Dit staan in Numeri 34:17 geskryf:

**Dit is die name van die manne wat vir julle die land as erfenis moet verdeel: die priester Eleásar en Josua, die seun van Nun. (Numeri 34:17 AFR1953)**

Ons lees in Deuteronomium 31:7-23 dat Moses die hele wet op skrif gestel het.

- Daarna is Josua voor die hele volk geroep, en daar is aan hom feitlik woordeliks alles gesê wat die Here nou weer aan hom herhaal het in Josua 1.
- Moses het die opdrag dat Josua die volk in die land moet inlei en die belofte wat daarmee saamgaan dat die Here by hom sal bly waarskynlik nog twee keer daarna herhaal.

- Die laaste keer was net voor Moses se dood (Deuteronomium 31:23 en 34:9).

In hierdie hoofstuk wat ons gelees het, het die Here self aan Josua verskyn en al die vorige beloftes en opdragte weer herhaal.

- Die kring van sy verantwoordelikhede het al nouer en nouer om hom getrek.
  - Eers het Moses met hom oor die dinge gepraat – terwyl Moses nog die leier van die volk was.
  - Die verantwoordelikhede het dus al nader aan Josua gekom maar hom nog nie persoonlik en direk betrek nie.
- Nou is Moses dood en daar is geen ander uitweg nie – die uur het gekom dat hy die volle gewig van sy roeping moes dra.

Die Here deel die openbaring op in verskillende dele.

- **In die eerste gedeelte** het die Here vir Josua sy roeping uitgespel: Hy is die nuwe leier van die uitverkore volk (v. 1-3).
- **In die tweede deel** trek die Here die grense van die land af (v. 4).
  - Die manier waarop die Here die land vir Josua afbaken, herinner aan die geleentheid toe die Here vir Moses op die berg Pisga die hele land gewys het, en toe ook vir hom gewys het waar elke stam gaan woon.
  - Dit sou interessant wees om te weet waar Josua presies was toe hy die gesig ontvang het (vgl v. 4vv met Deuteronomium 34:1-4).
- **In die derde gedeelte** openbaar die Here dat Josua oorlog sal maak, maar dat hy al sy oorloë sal wen (v. 5, 6).
  - Dit is ook nie 'n nuwe belofte nie. Ons lees hierdie belofte reeds in Deuteronomium 11:25. Dié belofte lui so:  
**Niemand sal teen julle standhou nie; die HERE julle God sal die skrik en vrees vir julle oor die hele land laat kom waarop julle sal loop, soos Hy julle beloof het.**  
 (Deuteronomium 11:25 AFR1953)

*Daar is die verskil dat die belofte aanvanklik aan die volk gemaak is. Nou word hierdie belofte in die enkelvoud aan Josua herhaal.*

Dit sal 'n swaar taak wees om so baie volke te verslaan.

- Dit kan nie lekker wees om te hoor dat die Here jou roep om te lewe vir oorlog en teenstand nie.
- Die troos is egter daar: Alle teenstand teen Josua sal vrugtelos wees omdat hy sy lewe lank 'n oorwinnaar sal wees.
- Josua sal net nooit verloor nie – en hy het ook nie.

Daarmee het die Here sy belofte waar gemaak. **Die krag van Josua se oorwinning het nie in homself gelê nie maar in die Here.**

- Die Here laat sy dienaars nooit alleen nie. Kyk byvoorbeeld na Moses. Hy het 'n baie moeilike taak gehad om man alleen so 'n groot en weerbarstige volk te beheer, maar met die hulp van die Here kon hy dit doen.

Josua was getuie van al hierdie dinge.

- Dink maar net aan die geskiedenis van Sihon en Og waarvan ons lees in Deuteronomium 3 & 4.
- En dan sekerklik veral die woorde wat in Deuteronomium 3:21vv. geskryf staan:  
**Ook het ek Josua in dié tyd beveel en gesê: Jou oë het alles gesien wat die HERE julle God aan hierdie twee konings gedoen het. So sal die HERE aan al die koninkryke doen waarheen jy oortrek. Julle moet vir hulle nie bang wees nie, want dit is die HERE julle God wat vir julle stry. Ook het ek die HERE in dié tyd gesmeek en gesê: Here, HERE! U het begin om u kneg u grootheid en u sterke hand te laat sien; want watter God is daar in die hemel en op die aarde wat sulke werke en sulke magtige daede kan doen soos U?** (Deuteronomium 3:21-24 AFR1953)

Net soos Moses kan Josua reken op God se bystand.

- Die Here sal hom nooit aan sy lot oorlaat of enige hulp van hom weerhou nie.
- Dit is waarom Deuteronomium 31:23 byna woordeliks herhaal word in Josua 1:6.

**Die vierde deel** van die Here se openbaring aan Josua kry ons in vers 6. Josua moet geloofsvas wees.

- Dit is darem ook nie asof die Here hierdie opdrag om geloofsvas te wees in die Ou Testament net aan Josua gegee het nie.
- Die Here het dit vir *ons* ook gegee in 1 Korintiërs 16:13:  
**Waak, staan in die geloof, wees manlik, wees sterk.** (1Kor 16:13 AFR1953)

Die Here het Josua se roeping baie skerp omlyn – sy gevegsroeping en sy geloofsroeping (fisiese roeping en geestelike roeping).

- Josua moes onverskrokke vorentoe gaan sonder om ooit enige twyfel in sy gemoed te hê.
- Josua was die instrument waardeur die Here sy beloftes wat Hy met 'n eed aan Abraham beloof het, gaan volbring. Vergelyk Genesis 15:18 (ook Genesis 24:7) en Eksodus 32:13:  
**Gedenk aan Abraham, Isak en Israel, u knegte, vir wie U by Uself gesweer en aan wie U gesê het: Ek sal julle nageslag vermenigvuldig soos die sterre van die hemel, en hierdie hele land waarvan Ek gespreek het, sal Ek aan julle nageslag gee, dat hulle dit vir ewig kan beërwe.** (Eksodus 32:13 AFR1953)

Josua was die instrument waarmee die Here hierdie verbond waar gemaak het, want hy moes die vegwerk fisies doen.

- Hy moes die Israeliete lei en oorlog voer, maar die Verbondsgod gee die oorwinning en sodoende gee Hy die land.
- Josua kon dus soveel meer op die Here vertrou, want die Here het sy eie beloftes waar gemaak in die roeping wat Hy op Josua gelê het.

**Die vyfde deel** van die openbaring is 'n skerp vermaning oor die egtheid van Josua se geloofslewe (vers 7, 8).

- Josua 1:3-6 het 'n bemoedigende karakter, maar die aard verander – verse 7 en 8 het 'n vermanende karakter.
- Josua word hier gewaarsku om standvastig en onversetlik te wees in die handhawing en uitlewing van die wet van die Here.

Twee keer word Josua vermaan om nougeset te lewe volgens die wet van die Here.

- Hy mag niks links of regs verkeerd doen nie.
- Hy moet die volle inhoud van die wet dag en nag bepeins sodat dit kan uitkom in die dinge wat hy doen en sê.

Die woorde herinner sterk aan Deuteronomium 17:18-20.

- Die Here het voorspel dat die volk eendag wanneer hulle in Kanaän sou intrek, 'n koning moet aanstel.
- Die beginsel is dat daar 'n leier oor die volk van die Here sal kom, en daarom het die Here vaste riglyne neergelê waarvolgens hierdie leier (koning) moet optree.
- Luister na die presiese woorde, dan sal u hoor dat dit baie sterk ooreenstem met dit wat vir Josua gesê is:

**En as hy op die troon van sy koninkryk sit, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet in 'n boek skrywe, uit dié wat voor die Levitiese priesters lê; en dit moet by hom wees, en hy moet al die dae van sy lewe daarin lees, dat hy kan leer om die HERE sy God te vrees deur al die woorde van hierdie wet en hierdie insettinge te hou, om dit te doen; sodat sy hart hom nie verhef oor sy broers nie en hy van die gebod nie regs of links afwyk nie; dat hy die dae kan verleng in sy koninkryk, hy en sy seuns, onder Israel.**

(Deuteronomium 17:18-20 AFR1953)

U moet tog nie onder die indruk kom dat die Here hierdie soort van gedrag net van leiers in die Ou Testament verwag het en dat dit niks met ons te doen het nie.

- In 1 Korintiërs 15:58 word hierdie opdrag in Nuwe-Testamentiese taal aan alle gelowiges herhaal.

**Daarom, my geliefde broeders, wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorfloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie.** (1 Korintiërs 15:58 AFR1953)

- Die Here verwag dus van almal van ons wat in Christus verlos is om volgens hierdie styl te lewe – of ons leiers is of nie!

Josua moes toe 'n voorbeeld gewees het van iemand wat die opdragte van die Here sorgvuldig oorweeg het voordat hy enige handeling uitgevoer het.

- Hy moes as leidsman in 'n dubbele mate op sy hoede gewees het vir enige afwykings.
- Dit is vir die volk van oorwegende belang dat hulle leiers onvoorwaardelik moet buig voor die Here se wet.

Ware leiers moet altyd die inhoud van die Here se wet “in vlees en bloed” (in hulle volle menswees) nakom.

- Met ander woorde, 'n leier moet sy pad so loop dat in sy lewensstyl, in sy gesprekke en in sy regspraak sy bewustheid van die Here se nabyheid duidelik na vore kom.
- Al manier hoe 'n leier dit kan regkry, is om te doen wat die Here hier vir Josua sê om te doen – hy moet die Here se woord dag en nag bedink en bepeins.

Ons moet as gelowiges in die geestelike diepte van die Here se woord indring.

- Ons moet elke stukkie daarvan stiptelik waarneem, en konsentreer dat niks daarvan in ons lewens verwaarloos word nie.
- Die Here herhaal dat Josua goeie leiding sal gee en voorspoedig in die oorlog sal wees en sy volk tot by hulle bestemming sal lei as hy bly by die wet van die Here.

**Die sesde en slotgedeelte** van die Here se openbaring is weer 'n bemoediging (v. 9).

- Alle mense het altyddeur bemoediging nodig – niemand kan daarsonder lewe nie.
- Het u al gedink hoeveel dit van die Here Jesus geverg het toe Hy destyds as mens op die aarde gelewe het om elke gebod van die Here tot in die fynste besonderheid na te kom?
  - Hy het dit reggekry om geen enkele fout iewers te maak nie, want dit was deel van sy versoeningswerk wat Hy kom doen het.
  - Aan die einde van sy lewe was daar geen foute wat Hy gemaak het waarvoor Hy voor die troon van die Here moes verskyn of gestraf moes word nie.

*Tog is Hy gestraf – vir ons sondes, onder andere ons gebrek aan die vermoë om werklik te bly by die dinge wat die Here stel as voorwaardes vir sy beskerming.*

- Maar ons moet dit nooit so verstaan dat sy straf beteken dat ons nou klaar verby is by die sonde wat ons gedoen het nie – so asof die straf vir ons sondes klaar gedra is sodat ons kan voortgaan met sonde doen nie.
- Die versoening aan die kruis is nooit 'n lisensie wat ons toestemming gee om sonde te doen omdat die sonde reeds gestraf is nie.
- Die Here Jesus het ons straf gedra sodat ons nou die vermoë besit om tot bekering te kan kom.

As ons as 'n kerkverband hoegenaamd langer wil voortbestaan, sal daar baie skerp gekyk moet word na al hierdie beginsels wat die Here vir sy volk/kerk stel. Die saak is baie eenvoudig:

- As die kerk van die Here dienend aan Hom gehoorsaam is en hulle roeping nakom, beskerm die Here ons.
- Anders verdelg Hy.

Sy Heilige Gees werk juis herskeppend in ons sodat ons kan groei in ons geloof en kennis van God se Woord en van sy genade oor ons.

- Die Here gee ons juis die vermoë om al sy eise te kan oordink en gestalte daaraan te gee.
- Dit is dinge soos wat ons roeping voor die Here is en hoe Hy verwag dat ons dit moet uitvoer.
- Ook die vermoë om altyd die beginsels in die Woord van God te oordink en ons eie te maak.

*Dink mooi oor al die dinge wat die Here in daardie tyd van die geskiedenis geopenbaar het!*

- *Het die volk van die Here en hulle konings destyds by hierdie beginsels gebly? Die antwoord is: Nee!*
- *Oor jare het hulle verflou – toe het die Here hulle met twee ballingskappe verdelg. Later het die Israëliete/Jode heeltemal van die wêreldkaart af verdwyn!*
- *Dieselfde sal van ons ook waar kan wees!*

Die Here se woord oor baie jare het die refrein gehad dat Josua sterk en vol moed moes wees.

- Die vermoë om eerlik te kan glo en met die Here te kan omgaan is moeiliker as om in die oorlog dapper te veg.
- Die versoening wat ons het deur die kruis van ons Here Jesus is juis dat ons die vermoë besit om voluit met die Here te kan saamleef.
- Ons het ook juis die leiding van die Heilige Gees wat ons die vermoë gee om te kan onderskei tussen wat goed en sleg vir die Here is.

**Amen.**

## Slotgebed

Slotpsalm 96:1, 8 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,  
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 8 Laat aarde en hemel juig voor Hom! / Want Hy, die Wêreldregter, / die strenge Saakbeslegter,  
groot in geregtigheid, Hy kom! / Hy kom, waar en getrou, / sy strafgerigte hou.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville

Datum: 15 Februarie 2009 (150-jarige fees)